NG KERK KUILSRIVIER-DE EIKE

**AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS**

**SONDAG 4 JUNIE 2023**

# EERSTE SONDAG IN KONINKRYKSTYD

# GEMEENTE DAGBOEK

## GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

***Durbanville Kinderhuis***

## LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

**Hosea 5:15–6:6; Psalm 33:1-12;**
**Romeine 4:13-25; Matteus 9:9-13, 18-26**

| **SONDAG, 4 JUNIE** |
| --- |
| BIDDAG VIR EKOLOGIE<br><br>09:00 Oggenddiens<br>Deuroffer ten bate van: Durbanville Kinderhuis<br>Erediensspan 3 – Neels Kruger<br>09:00 Kleuter- en Kinderkerk<br><br>• **Senior kategese** na afloop van die oggenddiens<br>• **Gemeentetee** na afloop van die oggenddiens |
| **MAANDAG, 5 JUNIE** |
| 18:00 Kooroefening (Sien ook blokkie elders)<br>19:00 Sportmanne Bybelstudie<br>19:00 Vroue Bybelstudie |
| **DINSDAG, 6 JUNIE** |
| 09:30 Senior Burger Bybelstudie<br>18:00 Manne Bybelstudie in Moederskamer |
| **WOENSDAG, 7 JUNIE** |
| 09:30 Vroue Bybelstudie<br>09:30 Othello Biduur<br>Kommissie verslae inhandig by kerkkantoor |
| **DONDERDAG, 8 JUNIE** |
| 09:30 Kuilsrivier Dienssentrum: Louis Hurter en Orkes<br><br>Sopbeurte: Othello – Bertha de Kock |

| VRYDAG,  9  JUNIE |
|---|
| 09:00 Gebedsbyeenkoms in Moederskamer |
| **SATERDAG,  10  JUNIE** |
| |
| **SONDAG,  11  JUNIE** |
| Tweede Sondag in Koninkrykstyd<br>BIDDAG VIR DIE JEUG EN KATEGESE<br><br>09:00 Oggenddiens<br>Deuroffer ten bate van: Jeugwerk<br>Erediensspan 1 – Lorraine Louw<br>09:00 Kleuter- en Kinderkerk<br><br>• **Senior kategese** na afloop van die oggenddiens<br>• **Gemeentetee** na afloop van die oggenddiens |

# GEMEENTENUUS



1. Pierre en Martie Swart (Othello) het gister 3 Junie 2023 hul 56ste huweliksherdenking gevier.
2. Carina Slabber (Annandalestraat) sterk tuis aan.
3. Santie Engelbrecht (Waboomstraat) se troosdiens vind Dinsdag plaas.
4. Mareé Lerm (Othello) se ma is oorlede.
5. Dr Cranna (Sangirostraat) is ongesteld en sterk by die huis aan.
6. Danny Williams (Sangirostraat), Anne se gade, sterk aan by die huis.
7. Anna van Wyk (Bottelary) het baie goeie nuus oor haar gesondheid ontvang.
8. Ons vra voorbidding vir Theo Lombaard (Othello), dit gaan nie goed met sy gesondheid nie.

# VAN ALLES EN NOG WAT

1. Baie welkom aan ons nuwe orrelis, Ilse Myburgh.
2. Die volgende kerkraadsvergadering vind plaas op Woensdag 14 Junie 2023 om 19:00. Verslae vir hierdie vergadering moet by die kerkkantoor ingehandig word teen 7 Junie 2023.
3. Baie dankie aan Johan en Amanda Kotze en hul dogter, Clariska, vir hul harde werk in die kerkgronde se tuine.

# VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

04/06 Marlene Bosman, Koos Viljoen, Sarie de Milander, Wessel de Kock
05/06 Francois la Grange, Amanda Kotzé, Anton Lloyd, Handré Truter
06/06 Corra Kitshoff
07/06 Riëtte Matthee, Alta Pienaar, Pierre Swart(81), Xander Nell, Isabel Pitschlitz(84), Natalie van der Merwe, Alicia Gourrah, Rita Walters
08/06 Carel Rademeyer(84), Chrissie Gerber(95)
09/06 André Penderis, Linda Coetzee
10/06 Engela Franken, Johan Nel, Renier Pienaar, Haylie Janse van Rensburg, Vikkies Victor, Yolanda Vosloo, Melita Burger, André Steenkamp




# VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

**Durbanville Kinderhuis**

Durbanville Kinderhuis bied residensiële versorging aan sorgbehoewende kinders buite die gesinsomgewing. Die programme is daarop gefokus om die kind te beskerm, te versorg en te ontwikkel binne 'n terapeutiese omgewing. Die kinders is fisies en/of emosioneel mishandel en die pad na herstel is moeilik en langsaam. Die gesin of familie van die kind word gesien as deel van die behandelingsplan van die kind. Die personeel bestaan uit kinderversorgers, maatskaplike werkers en ondersteunings-personeel en hulle word bygestaan deur ander professies soos verpleegkundiges, opvoedkundiges, arbeidsterapeute en sielkundiges om 'n holistiese diens aan die kind te lewer. Die sentrum maak ook baie staat op vrywilligers om te help met skoolwerk, logistiek en fondswerwing.

Donateurs en vrywilligers word vir ondersteuning gevra aangesien die diens intensief en duur is. Bid asseblief vir die kinders en hul families en ook vir die personeel en vrywilligers vir elkeen se rol.

**Durbanville Kinderhuis (Durbanville)** Bestuurder | 021 975 6822 | bestuur@durbanvillekinderhuis.org.za
Webwerf: https://durbanvillekinderhuis.org.za/af/afrikaans

# KOOR

ALLE KOORLEDE EN BELANGSTELLENDES
word vriendelik uitgenooi na 'n spesiale kooroefening op Maandag,
5 Junie van 18:00 - 19:00 in die kerk.

Kom ontmoet ons nuwe orreliste, Ilse Myburgh.
Ou en nuwe koorlede, asook instrumentaliste, is almal hartlik welkom.
Kontak gerus vir Ilse op 082 346 1482 vir meer inligting.

# BASAAR – 3 JUNIE 2023

Baie dankie aan elke lidmaat wat ‘n aandeel gehad het aan die sukses van die basaar,

- elke konvenor en hul helpers
- elke bakker
- elkeen wat ‘n bydrae gegee het, kontant, bestanddele, produkte, items, ens.

Dankie aan ons personeel wat van vroegoggend hier was en laaste huis toe is nadat alles opgeruim en skoongemaak is.

Baie dankie aan ds Johan wat die leiding geneem het met die reëlings.

Laastens maar die belangrikste, alle eer aan ons Hemelse Vader vir Sy seën oor ons gemeente.

# BESOEK AAN NUWERUS

Ons gemeente besoek Nuwerus gemeente die naweek van 1 tot 3 September 2023.

Indien jy belangstel om hierdie besoek aan Nuwerus mee te maak kan jy gerus met een van die volgende persone in verbinding tree.
Daar is ‘n beperkte aantal plekke beskikbaar by die huisvesting. Laat weet dus asseblief voor 15 Junie 2023.

Sias Koen 0833185993
Sanet Koen 0824474088
Franci Gresse 0824474088

# HUIS DE KUILEN

Daar is ‘n groot behoefte in die Versorgings- en Alzheimerafdelings aan groot doeke (nie pull-ups nie); sanitere doekies; "linen savers" en treklakens.
Indien daar vrae is, is julle welkom om Huis de Kuilen, direk te skakel by 021 903 7055.
Baie dankie vir julle volhoue ondersteuning, deernis en voorbidding vir die inwoners en personeel van die tehuis - dit word opreg waardeer.

Baie dankie
Vriendelike Groete
R COETZER
Bestuurder

# DIE KOSMANDJIE

**DIE KOSMANDJIE** - projek van die Getuienisaksie

Liewe Lidmaat

**Klein dingetjies tel vir iemand wat honger is**: ‘n broodjie met katjiebotter op, ‘n bakkie warm, tamatie-souserige pasta, melkkos, 'n warm drinkding, jy kan jou eie gunsteling byvoeg.

Hier is 'n lysie van tekorte:
suiker
gewone tee
melk
mieliemeel
koekmeel
pasta
blikkies groente, tuna, vrugte
soya
katjiebotter

Bring asseblief iets vir die kosmandjie en jy maak daai broodjie moontlik vir iemand wat dit nie het nie.
Dankie vir jou barm-**hart**-igheid!

Groetnis

# PREEKSKETS

**TEMA – 'N SIMFONIE VAN SPANWERK**



Prediker: Ds Chris Barnardo

Skriflesing: 2 Kor. 13: 11-13

**WOORVERKONDIGING**

1. Inleiding. Paulus se afsluiting in hierdie brief is die basis waarop ons as gemeente moet voortbou. Dit is die basis waarop ons as gemeente moet fokus. Genade in Jesus as offer, die liefde van God en die gemeenskap met God deur die Heilige Gees. Ons fokus is God drie eenheid en niks anders is ons motivering nie. Dit moet ons aansporing in die gemeente wees want Vader, Seun en Heilige Gees verteenwoordig vreugde, vervolmaking, aanmoediging, eensgesindheid en vrede. Juis daarom wil ek so leef en werk. Maar is dit die werklikheid of is dit net 'n droom?

2. Dwarstrekkery is in Korinte is aan die orde van die dag. Paulus se twee Korinte-briewe bied aan ons 'n waardevolle blik op die vroegste gemeenskappe van Jesus-volgelinge, en van 'n gemeente wie se lewe saam 'n mengsel van verwarring, kleinlikheid en ambisie was, gekombineer met entoesiasme en ywer. Die gemeente in die stad Korinte was in 'n komplekse en gesofistikeerde stedelike omgewing geleë. Die lidmate het uiteenlopende idees gehad en hulle fokus het verskil. En wanneer God drie eenheid nie meer die fokus is nie, spat die gemeente uitmekaar. Wat kan ons hieruit leer?

3. Hoe lyk De Eike se landskap? Ook vir ons is die oproep tot eensgesindheid en vrede tussen Christene onderling tydig en belangrik. Vanoggend se teks praat met elkeen van ons. Behou die fokus. Fokus op die basis waar om alles in die gemeente moet wentel. Paulus noem hier 5 kritiese dinge van gemeentewees. Blydskap, strewe na geestelike volwassenheid, aanvaarding van vermaning, om eensgesind te wees en in vrede te leef. Dan eers sal die volgende belofte sigbaar in die gemeente wees.

**VERS 11B.**

**EN DIE GOD VAN LIEFDE EN VREDE SAL BY JULLE WEES**